**Woensdag 27 Desember**
**Skrifgedeelte: Lukas 24:13-35**
**Fokusgedeelte:Lukas 24:15-16; 31 (AFR53)**
**God open ons oë**

Hierdie twee manne saam met wie Jesus gewandel het, het 'n verwagting gehad dat Jesus hulle sou red, maar hulle het in wese geen idee gehad hoe Hy dit sou doen nie. Lukas maak dit dan ook duidelik dat hulle oë deur God weerhou is, sodat hulle nie vir Jesus kon herken nie. Ons hoor hoedat hulle aan Jesus sê: *"En ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos; maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het."*

Na aanleiding hiervan noem Jesus hulle dan later: *"O onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!"*

In hierdie gedeelte maak Hy dit duidelik dat waar Hy voor sy opstanding mense geleer het, Hy dit nie meer sou doen nie, want sy werk op aarde is immers volbring. Deurdat Hy hierdie Emmausgangers vanuit die Skrif geleer het, maak Hy dit egter ook duidelik dat alhoewel Hy nie meer hier is nie, ons Hom steeds deur sy Woord kan ken.

Na Christus se sterwe het daar 'n tyd aangebreek van "nie sien nie en nogtans glo" – geloof op grond van die Skrif. Dit is immers die Skrif wat van Christus getuig. Al sien ons daarom vandag nie meer fisies vir Christus nie, is Hy steeds sigbaar – sigbaar in die natuur en hoorbaar in sy Woord (1 Kor. 1:21-23).

Alleenlik die Heilige Gees kan geloof in ons laat ontvlam en ons harte met vuur en vlam oorneem. Hierdie twee manne het met harte wat traag was om te glo, huis toe begin gaan, maar hulle het met brandende harte by hulle huis aangekom. Mag God ook ons oë en harte oorneem om Hom van harte te leer ken soos Hy Hom in sy Skrif aan ons openbaar.

*Sing: Psalm 66-1:1, 7*

*Ds. JN Hibbert (Josef) (Pietersburg-Noord)*